**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BEDRYFSEKONOMIE SG**

**FEB / MAR 2006**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord SES vrae, Vraag 1 (verpligtend) en enige VYF ander vrae.
- Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
- Netheid en die sistematiese uiteensetting van feite is ? vereiste. Antwoorde moet, waar moontlik, puntsgewys wees.
- Beplan die lengte van jou antwoorde in verhouding met die punte wat aan die vraag toegeken is.
- Begin elke vraag op ? skoon bladsy en laat minstens ? reël oop tussen onderafdelings.

AFDELING A

**VERPLIGTEND**

**VRAAG 1**

Kies die korrekte antwoord op Vrae 1.1 tot 1.25 uit die vier moontlikhede (A – D) wat verskaf word.

Trek ? kruis (**X**) oor die ooreenstemmende letter langs die betrokke vraagnommer op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek**.

1.1 Watter dokument van ? publieke maatskappy moet na inlywing geregistreer word?

A. Die prospektus
B. Die statute
C. Die akte van oprigting
D. Die kennisgewing van die geregistreerde kantoor

1.2 Persone wat aandele in ? publieke maatskappy koop, ontvang ? deel van die wins in die vorm van _______.

A. ? bonus
B. rente
C aandele-sertifikate
D. dividende

1.3 Die uiteindelike doel van die distribusieproses is om die produkte in die hande van _______ te plaas.

A. groothandelaars
B. kleinhandelaars
C. verbruikers
D. Al die bogenoemdes.

1.4 Wat beteken die begrip **monopolie**?

A. Die prys van ? besondere artikel is baie laag.
B. ? Groot aantal produsente kompeteer met mekaar.
C. Daar bestaan geen vraag na ? sekere artikel nie.
D. Net een onderneming bied ? produk op die mark aan.

1.5 Waarop het **spanwydte** van leiding betrekking?

A. Die aantal werkers oor wie ? toesighouer toesig hou
B. Die verpligting wat op ? persoon rus om sy opgelegde taak na die beste van sy vermoë te verrig
C. Die reg van ? persoon wat deur topbestuur aan hom toegeken of gedelegeer is
D. Die gesag en verantwoordelikheid van ? persoon wat deur die topbestuur aan hom toegeken of gedelegeer is

1.6 Die houers van watter soort aandele is eerste op die betaling van dividende geregtig?

A. Bonusaandele
B. Gewone aandele
C. Stigtersaandele
D. Voorkeuraandele

1.7 Hoe word die fondse vir die (P.O.F.) Padongelukke-fonds verkry?

A. Elke motoris betaal ? versekeringspremie.
B. Werkgewers is verplig om tot die fonds by te dra.
C. ? Heffing op die prys van petrol en diesel is ingesluit.
D. Tolgelde op sekere paaie

1.8 Wat beteken die beginsel **awery**?

A. Indien eiendom nie vir die volle waarde verseker is nie, sal die verlies in geval van skade nie vol uitbetaal word nie.
B. Dit gee die versekeraar die reg om van ? derde party te eis.
C. Die versekerde word in dieselfde finansiële posisie geplaas as voor ? verlies.
D. ? Versekerde het ? belang in die voorwerp wat verseker word.

1.9 By watter produksiestelsel is vervaardigingskoste per eenheid meestal die laagste?

A. Massaproduksie
B. Bondelproduksie
C. Produksie op bestelling
D. Stukproduksie

1.10 Watter organisasiestruktuur maak gebruik van adviseurs?

A. Die projekorganisasie
B. Die lyn- en staforganisasie
C. Die funksionele organisasie
D. Die lynorganisasie

1.11 Die element van bestuur wat gemik is op die verkryging van harmonie tussen individuele doelwitte is _______.

A. dissiplinering
B. delegering
C. koördinering
D. motivering

1.12 Die oordrag van gesag en verantwoordelikheid deur ? toesighouer aan sy ondergeskikte is _______.

A. opdraggewing
B. leidinggewing
C. delegering
D. beheer

1.13 Werkswinkelbestuurder

Voorman A — Werkers ? ? ?
Voorman B — Werkers ? ? ? ?
Voorman C — Werkers ? ? ? ? ?

Wat is die spanwydte van leiding van Voorman B?

A. 3
B. 4
C. 5
D. 6

1.14 ? Gebou met ? markwaarde van R40 000 is verseker vir R80 000. ? Brand veroorsaak skade van R10 000. Watter bedrag sal die versekeringsmaatskappy uitbetaal?

A. R10 000
B. R6 000
C. R4 000
D. R40 000

1.15 Mercedes se besluit om motors, vragmotors en trekkers te vervaardig beïnvloed die ______ van die produkverskeidenheid.

A. diepte
B. breedte
C. grootte
D. verwantskap

1.16 Watter soort kapitaal word gebruik om lone en salarisse aan werknemers te betaal?

A. Vaste kapitaal
B. Eie kapitaal
C. Bedryfskapitaal
D. Geleende kapitaal

1.17 Die doel van herversekering is om ________.

A. die risiko van verliese te versprei
B. premies te verminder
C. premies by die inflasiekoers aan te pas
D. onderversekering by versekerdes te verhoed

1.18 ? ______ verbind homself skriftelik deur aanspreeklik te wees aan die krediteur vir die skuld van ? skuldenaar.

A. Prokureur
B. Krediteur
C. Borg
D. Verbandhouer

1.19 _______ verwys na die reg wat ? persoon verkry om in die plek van ? ander op te tree, en die regte en regsmiddele van sodanige persoon vir eie gewin toe te eien.

A. Oorversekering
B. Subrogasie
C. Herinbesitstelling
D. Herversekering

1.20 Volledige herstelwerk of vervanging van ? gedeelte van die toerusting wanneer dit breek, staan bekend as _______ instandhouding.

A. onderdele
B. remediërende
C. voorwaardelike
D. voorkomende

1.21 Watter **een** van die volgende verwys na ? ondernemingsvorm waar die persone gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir skulde van die onderneming?

A. Privaat maatskappy
B. Publieke maatskappy
C. Vennootskap
D. Beslote korporasie

1.22 Watter een van die volgende risiko's kan NIE verseker word nie?

A. Geld in transito
B. Diefstal
C. Brand
D. Prysskommelings

1.23 By watter **een** van die volgende ondernemings is kontinuïteit onseker?

A. Sony (Edms) Bpk
B. Iskor Bpk
C. Kia Motors B.K.
D. Paula en Dogter Bloemiste

1.24 Watter dokument stipuleer die bepalings in verband met die NAAM van ? maatskappy?

A. Akte van oprigting
B. Samewerkingsooreenkoms
C. Prospektus
D. Statuut

1.25 Brood vir huishoudelike gebruik is ? voorbeeld van ______.

A. spesialiteitsgoedere
B. industriële goedere
C. uitsoekgoedere
D. geriefsgoedere 25x2=(50)

Skryf slegs die ontbrekende woord(e) of die gepaste term langs die korrekte vraagnommer neer.

1.26 Verpakkingsbeleid waarvolgens sekere aspekte van die verpakking voortdurend verander word, bv. die afdrukke van bekende sokkerspelers op koeldrankblikkies

1.27 Duur produkte ten opsigte waarvan verbruikers aandring op ? spesifieke merk, bv. Toyota-motors en Sony-televisies

1.28 Verpakking van verskeie produkte met ? hegte verwantskap in een houer, bv. penne en potlode in een verpakking

1.29 Nuus wat in die massamedia verskyn en waarvoor die handelaar nie betaal nie

1.30 Die punt van produksie waar ? onderneming nog ? wins nog ? verlies toon

1.31 Die studieterrein van werkstudie om die produktiwiteit van werkers te verhoog

1.32 Herstelwerk geskied volgens ? voorafopgestelde rooster ongeag of daar ? defek is of nie

1.33 Die koste van ? onderneming wat bestaan ongeag die produksie-ure gewerk, of aantal produkeenhede vervaardig

1.34 Die som van direkte grondstofkoste en direkte arbeidskoste

1.35 ? Finansiële plan vir ? sekere tydperk waarin sekere vooruitskattings gemaak word

1.36 Die _______ dien as ? sensitiewe barometer van ekonomiese toestande.

1.37 Die _______ besleg verskille, dispute en probleme tussen lede deur middel van arbitrasie.

1.38 Die eienaars of aandeelhouers dra by tot die _______ kapitaal van ? onderneming.

1.39 Die vermoë van ? onderneming om sy verpligtinge na te kom wys die onderneming is ______.

1.40 Wanneer die markwaarde van aandele daal, is ? waarskynlike rede dat die maatskappy ______ gekapitaliseerd is.

1.41 ? Keuse wat tussen twee of meer alternatiewe gedoen word (? element van bestuur)

1.42 Die aanwending van kragte en faktore om werkers te lei om tot aksie oor te gaan

1.43 Die proses waardeur ? senior persoon ? werker aanmoedig om sy take te verrig

1.44 Hierdie instansie voorsien voorskotte aan beheerrade.

1.45 Dit is die dokument wat die interne sake van ? maatskappy bevat.

1.46 ? Uitnodiging deur ? publieke maatskappy aan die publiek om aandele te koop.

1.47 Hierdie begrip magtig die onderneming om te kan dagvaar en om gedagvaar te word

1.48 Hierdie dokument bevat prosedures vir die oordra van aandele en aandeelsertifikate.

1.49 By watter ondernemingsvorm kom die "**onderskrywing van aandele**" ter sprake?

1.50 Shoprite Checkers is ? voorbeeld van ________ samesmeltings. 25x2=(50)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [100]**

AFDELING B

**Beantwoord enige VYF vrae uit hierdie afdeling**.

## VRAAG 2
## ONDERNEMINGSVORME

2.1 Vul die ontbrekende term(e) in om die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term(e) langs die toepaslike vraagnommer in jou antwoordboek neer.

2.1.1 _______ samesmelting verwys na (die samesmelting van) ondernemings wat nie dieselfde produk of diens lewer nie.

2.1.2 Houers van _______ aandele mag alleen in die oorskotwins deel nadat al die ander aandeelhouers dividende ontvang het.

2.1.3 ? Publieke maatskappy verkry sy regspersoonlikheid nadat ______ uitgereik is.

2.1.4 Wanneer ? onderneming ? prospektus uitreik, moet die minimum getal inskrywings binne _______ dae verkry word.

2.1.5 Die aanspreeklikheid vir skulde van ? eenmansaak is _______. (10)

2.2

| Melanie & Seun Koeldranke | ABC Skoene (Edms) Bpk |
|---|---|
| **A** | **B** |

2.2.1 Identifiseer die ondernemingsvorme wat deur **A** en **B** voorgestel word. (4)

2.2.2 Indien die twee ondernemings hierbo wil saamsmelt, watter tipe samesmelting sal dit wees? (2)

2.2.3 Gee VIER kenmerke van ? Beslote Korporasie. (8)

2.2.4 Noem DRIE kenmerke van ABC Skoene (Edms) Bpk. (6)

2.3 Noem DRIE voordele van ? vennootskap. (6)

2.4 Noem VIER aspekte wat vermeld moet word in ? publieke maatskappy se statuut. (4) **[40]**

## VRAAG 3
## BEMARKINGSFUNKSIE

Jy is die pasaangestelde bemarkingsbestuurder van ? nuwe juwelierswinkel, Mntanami Bpk. Dit is jou verantwoordelikheid om die bemarkingsresep saam te stel sodat die handelsproses aan die gang kan kom en die verbruikers se behoeftes bevredig kan word. Beantwoord die volgende vrae.

3.1 **VERPAKKING**

3.1.1 Wat is Mntanami Bpk. se doelwitte met die verpakking van hulle produkte? (4)

3.1.2 Watter tipe verpakking kan Mntanami Bpk. vir sy produkte oorweeg? (2)

3.1.3 Noem enige VIER ander verpakkingsvorme wat hulle kan gebruik. (4)

3.2 **DISTRIBUSIE / PRYS**

3.2.1 Watter VIER metodes van uitskakeling van tussengangers kan die bemarkingsbestuurder oorweeg? (8)

3.2.2 Noem DRIE redes waarom die indirekte verspreidingskanaal gebruik sal word. (6)

3.2.3 Noem VYF faktore wat prysbepaling kan beïnvloed. (10)

3.3 Gee die korrekte term(e) wat in elk van die volgende stellings beskryf word. Skryf slegs die antwoord langs die toepaslike vraagnommer neer.

3.3.1 Die beleid oor die keuse, ontwerp, verpakking en handelsmerk

3.3.2 Die geregistreerde simbool of teken wat eksklusiewe wetlike beskerming bied aan beide die merk en die ontwerp

3.3.3 Dit is die kortste en eenvoudigste verspreidingskanaal vir sekondêre goedere met geen tussenpersoon betrokke nie. (6)

**[40]**

**VRAAG 4**
**FINANSIËLE FUNKSIE**

4.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer neer.

4.1.1 In die _______ -begroting beplan die onderneming om vaste bates binne die volgende vyf jaar of langer aan te skaf.

4.1.2 Die oordrag van gesag deur die middelvlakbestuur aan ? ondergeskikte staan bekend as _______.

4.1.3 Die _______ begroting word gebruik om lopende uitgawes te bepaal.

4.1.4 Die bank reik ? _______ uit nadat die kredietwaardigheid van ? kliënt bepaal is.

4.1.5 ? ________ is ? voorbeeld van geleende kapitaal. (10)

4.2 Verduidelik die volgende konsepte kortliks:

4.2.1 Onderskrywing van aandele (8)

4.2.2 Prospektus (4)

4.2.3 Eie kapitaal (4)

4.2.4 Geleende kapitaal (4)

4.3 "Hoë voorraadhouding het voordele sowel as nadele, daarom is optimum voorraad ? balans tussen die twee." Noem VYF voordele van optimum voorraadvorming. (10)

**[40]**

**VRAAG 5**
**VERSEKERING**

5.1 Noem DRIE risiko's wat nie versekerbaar is nie. (6)

5.2 Noem VIER voorbeelde van ? versekerbare belang. (8)

5.3 Noem die stappe wat gevolg moet word indien brandversekering uitgeneem word. (8)

5.4 Verduidelik, met ? voorbeeld, die term **herversekering**. (4)

5.5 Noem VYF voordele van versekering. (10)

5.6 ? Eiendom met ? markwaarde van R120 000 is verseker vir R80 000.

5.6.1 Watter tipe versekering is hierdie? (1)

5.6.2 Hoeveel geld sal deur die versekering uitbetaal word as skade van R20 000 voorkom? (3)

**[40]**

**VRAAG 6**
**PRODUKSIEFUNKSIE**

6.1 Noem DRIE faktore wat kwaliteitsbeheer beïnvloed. (6)

6.2 Verduidelik die volgende konsepte:

6.2.1 Gelykbreekpunt (4)

6.2.2 Direkte arbeidskoste (4)

6.3 Bestuur het ? keuse tussen verskeie produksiestelsels. Noem DRIE sulke produksiestelsels. (6)

6.4 Kies die korrekte woord(e) uit die moontlikhede tussen hakies om die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die toepaslike vraagnommer in jou antwoordboek neer.

6.4.1 (Gespesialiseerde/Standaardmasjiene) word gebou volgens ? standaardspesifikasie, op groot skaal, vir lewering aan verskeie soortgelyke fabrieke.

6.4.2 (Massaproduksie/Produksie per bestelling) se koste per eenheid is gewoonlik hoog.

6.4.3 (Langtermyn-/Korttermyn-) besluite word ingesluit in die keuse en ontwikkeling van die produkreeks.

6.4.4 (Masjienlading/Skedulering) word gedoen wanneer die standaardtyd bereken word. (8)

6.5 Gedurende die beplanning van fabrieksveiligheid moet sekere veiligheidsmaatreëls oorweeg word. Noem DRIE sulke maatreëls. (6)

6.6 Noem DRIE voordele wat effektiewe produksiebeplanning en -beheer vir die werker inhou. (6)

**[40]**

## VRAAG 7
## DIE ONDERNEMING EN SY OMGEWING/ADMINISTRATIEWE FUNKSIE

7.1 Noem VIER dienste wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank lewer. (8)

7.2 Noem VIER dienste wat deur die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingraad gelewer word. (8)

7.3 Noem VIER dienste wat deur die Sakekamers en Kamers van Koophandel gelewer word. (8)

7.4 Skryf slegs die woord (data/inligtingstatistiek/bestuursinligting) langs elkeen van die toepaslike vraagnommers neer.

7.4.1 _______ is die versameling feite en syfers wat geprosesseer moet word voordat dit vir besluitneming gebruik kan word.

7.4.2 _______ moet voorgelê word in ? verstaanbare formaat. Dit moet volledig en op datum wees.

7.4.3 ? Onderneming se rekords soos syfers en verslae, is ? voorbeeld van _______.


7.4.4 _______ word versamel deur vraelyste, telefoonnavrae en waarneming.

7.4.5 _______ is die geprosesseerde data wat gebruik kan word vir besluitneming. (10)

7.5 Noem DRIE faktore wat die besluit beïnvloed om te sentraliseer of te desentraliseer. (6)
**[40]**

**VRAAG 8**
**ALGEMENE BESTUURSFUNKSIE**

8.1 Drie vlakke van bestuur kan geïdentifiseer word. Beantwoord die volgende vrae.




8.1.1 Watter bestuursvlak sal in **A** funksioneer?
Watter tipe besluite word op hierdie vlak geneem?

8.1.2 Watter bestuursvlak sal in **B** funksioneer?
Watter tipe besluite word op hierdie vlak geneem?

8.1.3 Watter bestuursvlak sal in **C** plaasvind?
Watter tipe besluit word op hierdie vlak geneem? 3x4=(12)

8.2 Noem DRIE voordele van die lynorganisasiestruktuur. (6)

8.3 Noem VIER vereistes/beginsels van effektiewe beplanning. (8)

8.4 As die personeelbestuurder van Stanbic Ondernemings is dit jou verantwoordelikheid om seker te maak dat die personeel gemotiveerd bly. Noem SES faktore wat werkers kan motiveer. (6)

8.5 Noem VIER beginsels van besluitneming. (8)
**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [200]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**